VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die NG Kerk Vrystaat

Jaar 11 - Uitgawe 21
Kontak ons: kerkinfo@ngkvs.co.za

20 Junie 2014

Beste Vrypossers

Dit is met groot hartseer dat ons die lesers moet meedeel dat ds Wim Fourie van Welkom, sowel as Adri-Louise van Renen-Fourie (vorige Redakteur van Kerkbode en Lig), die afgelope naweek, beide hul stryd teen kanker verloor het. Die begrafnisreëlings is soos volg:

Ds Wim: 15/03/1954 – 14/06/2014
'n Feesvieringsgeleentheid ter ere van ds Wim se lewe, word op ***Dinsdag 24 Junie 2014 om 11:00*** *in die NG Gemeente Welkom-Noord, deur dr Leon Foot, gelei. 'n Privaat teraardebestelling vind reeds eerskomende Saterdag 21 Junie, in Potchefstroom plaas.*

Adri-Louise: 08/12/1964 – 15/06/2014
'n Roudiens sal op ***Donderdag 19 Junie om 11:00*** *in die NG Gemeente Durbanville (hoek van Kerkstraat en Weyerslaan, Durbanville) gehou word.*

Namens die Redaksie bring ons hulde aan hierdie twee spesiale mense wat 'n mooi pad in God se Koninkryk hier op aarde gestap het. Dankie vir julle nalatenskap, ons eer julle – rus in vrede. Aan

Lynette, ds Wim se vrou en Danny, A3-L se man en ook haar pa en ander geliefdes, bid ons toe die liefde en genade van God die Vader... vind julle vertroosting in Hom, want Hy sal altyd daar wees om julle styf vas te hou...

Die Sentrum vir Kommunikasie, Sinode Wes- en Suid-Kaapland, het op 17 Junie 2014 'n ***mediaverklaring oor die heengaan van Adri-Louise uitgereik*** *– klik* ***hier*** *om dit te lees, asook 'n gedeelte uit 'n e-pos wat Annelie Naudé, A3-L se jongste sussie, geskryf het...*

Kyk ook uit vir die ***nuwe Julie-uitgawe van Lig*** *wat reeds op die rakke verskyn het – daarin verskyn 'n artikel oor Adri-Louise en Danny, na aanleiding van 'n onderhoud met hulle op 28 Mei 2014.*

Hierdie uitgawe is die voorlaaste een vir die 2de kwartaal – indien daar nog voor 27 Junie 2014 iets namens 'n gemeente moet verskyn, stuur dit asseblief teen Dinsdag 24 Junie om 13:00 vir Thea!

1. 'N BOODSKAP VAN HOOP - DWELMMISBRUIKPROBLEME KAN VOORKOM EN BEHANDEL WORD: 26 Junie is die Internasionale Dag teen Dwelmmisbruik en die Onwettige

Handel in Dwelms. Hierdie jaar wil die Aurora Sentrum in Bloemfontein wat 'n SANCA fasiliteit is, probeer om iets spesiaals met 2014 se tema te doen – klik **hier** vir meer inligting. Gemeentes word uitgedaag om geel strikke om bome aan te bring, of om geel metaalstrikkies @ R10 elk by die Aurora Sentrum aan te koop - kontak vir Santie Froneman by **info@auroracentre.co.za**. Hierdie geleentheid dien ook as 'n bewusmakingsveldtog vir dié Sentrum – wees ook op die uitkyk vir 'n nasionale persverklaring wat binnekort volg.

2. HERINNERING! NG KERK VRYSTAAT - BUITENGEWONE

SINODESITTING 29 JULIE 2014: Alle gemeentes word weer aan die volgende belangrike inligting herinner:

- **GELOOFSBRIEWE:** Daar is nog heelwat gemeentes se geloofsbriewe uitstaande. Die **oorspronklike geloofsbrief** moet asseblief in **enkelvoud vóór Vrydag 27 Junie 2014** gepos word aan: Die Skriba, Moderamen, Posbus 11412, Universitas 9321, of per hand afgelewer word by die Sinodale Kantoor, Van Heerdenweg 20, Bloemfontein. U kan wel intussen, totdat die oorspronklike kopie ons bereik, 'n afskrif na 086 502 0821 faks, of dit per e-pos stuur na Thea by **kerkinfo@ngkvs.co.za**

- **KOSTE VAN DIE SINODE:** Heelwat gemeentes moet nog die koste per afgevaardigde oorbetaal – **uitstaande bedrae is betaalbaar vóór of op 14 Julie 2014** by NG Kerk OVS, ABSA Tjekrekening 470 000 406, **met verwysing "SINODE + U EIE GEMEENTENAAM"**. Faks asseblief die bewys van betaling aan 086 549 6214, of stuur per e-pos aan **cmclean@ngkvs.co.za**.

- **VERBLYF:** Gratis verblyf vir die Sinode is by die Mooigenoeg kampterrein beskikbaar. Indien u hiervan gebruik wil maak, kontak asseblief vir Marinda Pienaar by 051 406 6701, of stuur 'n e-pos aan **marinda@ngkvs.co.za**. **Bespreek u verblyf by Mooigenoeg asseblief vóór of op 14 Julie 2014. Geen kos/spyseniering word by Mooigenoeg voorsien nie en u is verantwoordelik vir u eie kos.** Indien u van enige ander verblyf gebruik wil maak, moet u self die bespreking hanteer en is u ook verantwoordelik vir die koste daaraan verbonde.

3. NB! JAARBOEK 2015: Alle gemeentes en Ringe in die Vrystaat, word herinner aan die gewysigde inligting wat vir Thea **vóór, of op Vrydag 20 Junie 2014 moet bereik** – stuur per e-pos aan **kerkinfo@ngkvs.co.za**, of per faks na 086 502 0821.

4. NB! BEURSE EN LENINGS – NG KERK VRYSTAAT: Die Sinodale Kerkkantoor ken jaarlikse beurse en lenings aan voltydse

teologiese, sowel as nie-teologiese studente, toe. **Aansoekvorms** vir beurse en lenings ten opsigte van die **2015 studiejaar**, is reeds by hierdie kantoor beskikbaar. ***Die sluitingsdatum vir die aansoeke is 31 Augustus 2014.*** Vir verdere navrae in dié verband, kontak gerus vir Tertius of Christelle by 051 406 6700, of stuur 'n e-pos aan **studente@ngkvs.co.za**. **NB** – ***hierdie beurse en lenings word slegs aan studente (nie-teologies) toegestaan wat aan 'n Vrystaatse instansie studeer en wie se ouers in die Vrystaat woonagtig is, asook teologiese studente wat aan die Universiteit van die Vrystaat studeer. Voorwaardes geld.***

5. KERKBODE EN LiG

6. NUUSBRIEWE:

- **BYBEL-MEDIA 10/2014:** Die week is die fokus op die jongste ***Kerkbode***, Wonderwêreld-publikasie met *You Tube*-insetsel én die Atlete vir Christus-toergroep

7. BEROEPENUUS: Prop CJ (Cornis) Botha (ex UV 2012) is as **voltydse leraar na die NG Gemeente Ventersburg beroep.** Hy word op **Vrydag 4 Julie 2014 in die amp bevestig** en lewer sy intreepreek op 6 Julie tydens die oggend-erediens. *(Namens die Redaksie verwelkom ons graag vir Cornis as leraar in die Vrystaat Sinode, mag sy bediening baie geseënd wees).*

8. VAKATURES: Vir die amptelike bekendmaking van **vakatures vir predikante** deur *Kerkbode*, gaan na **www.kerkbode.co.za** – **klik** dan op ***Amptelik - Vakatures***.

9. HELP ASB!: Die **NG Gemeente Vierfontein** het op 'n stadium hul kerkgebou se dak, wat uit leiklipteëls bestaan het, met *Harvey*teëls vervang. Dit het veroorsaak dat hul elke keer as dit reën, met 'n lekkende dak sit! Is daar dalk ander gemeentes wat 'n

soortgelyke probleem ondervind het en moontlik raad het vir die mense? Kontak vir Johan Bester in die Kerkkantoor op 018 441 0063 (k/u Ma, Wo-Vr 09:00-13:00), of op 083 408 5935.

10. NB! HERHALINGS VAN BERIGTE: Kennisgewings en inligting wat in 'n vorige uitgawe van *Vrypos* verskyn het, word **hier** vir jou gerief herhaal - neem asseblief daarvan kennis!

Algemeen:
Projek Winterhoop: Nog tot 20/6 aan die gang
Konferensie – Interkulturele gemeente-wees, Bellville: 22 & 23 Julie
Save the date! – Imagine-indaba, konferensie, wegbreek: Aug in Wes-Kaap en Sept in Gauteng – hou spasie dop!

Gemeentes bied aan:
NG Sasolburg-Fontein, Fietswedren: 26/7

Vakatures:
NG Studentekerk - Kassier (halfdag-pos): sluit 14/7
ENGO Gesinsorg, Virginia – Maatskaplike werker: sluit 15/7

11. VERJAARSDAE: Baie geluk aan die leraars wat gedurende die volgende week hul verjaarsdae vier - mooi wense vir 'n geseënde en vreugdevolle nuwe lewensjaar:

23 JUNIE:
Dr Ben Joubert - RIEBEECKSTAD - 057 388 1533, 082 921 0348, **b.joubert@absamail.co.za**

25 JUNIE:
Dr Wynand Retief - SENDING IN ZAMBIË (JMTUC) - **cwretief@gmail.com**
Ds Frans Louw - ORANJEVILLE - 016 351 1617, 082 310 7373, **fvzlouw@gmail.com**

26 JUNIE:
Ds Darius Botha - KROONSTAD-OOS - 056 212 3630 , 072 614 3159,

d.botha@nashuaisp.co.za
Ds Hein Bertram – KOFFIEFONTEIN - 053 205 0018, 072 147 5275, mooiwiele@gmail.com

12. TEN SLOTTE: *Adri-Louise het 'n tyd terug hierdie foto in 'n restaurant geneem en dit op haar Facebook-blad geplaas, dit sê alles...*

Groetnis tot volgende keer.

ANDRé ESTERHUIZEN
Voorsitter & Redakteur (**fin@ngkvs.co.za**)
Samesteller: Thea Bosman (**kerkinfo@ngkvs.co.za**)
namens Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719 Faks: 086 502 0821

INDIEN U OP *VRYPOS* WIL INTEKEN, KLIK hier (meld asseblief ook u gemeente/dorp)
AS U *VRYPOS* WIL KANSELLEER, KLIK hier (dit sal 'n fout wees!)
Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by **kerkinfo@ngkvs.co.za**

MEDIAVERKLARING:

Adri-Louise van Renen-Fourie
08/12/1964 – 15/06/2014

Die dood van Adri-Louise van Renen-Fourie Sondagaand, 15 Junie, laat 'n groot leemte in die lewe van haar familie, vriendekring en die kerklike media. As die oudste dogter van Arnold en Ronel van Renen van Fraserburg, was sy vir haar ouers en susters 'n wonderlike en geliefde persoon wat met haar besondere gawes, haar sterk persoonlikheid en groot hart, hulle lewe onherroeplik bepaal en verryk het.

As joernalis en redakteur het sy oor 24 jaar heen diep spore in die Christelike- en kerklike media van die NG Kerk getrap. Sy sal veral

onthou word as die eerste vroue-redakteur en tweede nie-predikant in die geskiedenis van die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, *Kerkbode.* Onder haar aanvoering het me Van Renen-Fourie as redakteur, die Christen gesinstydskrif, *LiG*, tot 'n trotse publikasie in die Afrikaanse Christelike media uitgebou. Sy was die dryfveer agter die mylpaal om *LiG* in 2004 vir die eerste keer op die winkelrakke beskikbaar te stel.

Sy sal onthou en gerespekteer word vir haar deeglike en gesonde perfeksionisme. Dit was haar passie om van elke uitgawe, artikel en berig in *Kerkbode* en *LiG* 'n voorbeeld van joernalistieke integriteit te maak. Met haar klein redaksiespan, vasberadenheid en deursettingsvermoë het sy die kompeterende wêreld van die gedrukte media suksesvol aangepak.

Op 11 Junie 2012 is sy, toe sy reeds aan Danny Fourie verloof was, tydens 'n vermeende blindedermoperasie, met metastatiese kolonkanker gediagnoseer. Op 11 Augustus van dieselfde jaar het hierdie passievolle redakteur in ’n rooi rok getrou as teken van haar oorgawe aan die lewe. Adri-Louise en Danny het as huwelikspaar groot respek afgedwing vir die wyse waarop hulle met hulle wedersydse liefde en toewyding aan mekaar, die uitdaging van haar siekte saam hanteer het – tot die einde toe.

Adri-Louise sou op 8 Desember vanjaar 50 word. Sy laat haar man, Danny (en sy kinders), haar pa (Daddy) en drie susters (Lilibet, Christine, Annelie), met hul gesinne agter.

'n Roudiens sal Donderdag 19 Junie om 11:00 in die NG Gemeente Durbanville (hoek van Kerkstraat en Weyerslaan, Durbanville) gehou word.

Almal wat hierdie geleentheid saam met die familie wil bywoon, word versoek om iets roois (Adri-Louise se gunstelingkleur) te dra.

In plaas van blomme of geskenke, versoek haar man dat op haar aandrang, donasies aan KANSA gemaak sal word. Die bankbesonderhede is:

Cancer Association of South Africa
Bank: ABSA
Takkode: 632005
Rekeningnommer: 1007511287 (Spaarrekening)
Verwysing: "Adri-Louise"

Haar jongste suster Annelie, skryf Sondagaand ná haar heengaan:

Adri-Louise laat 'n groot leemte in ons almal se lewens. My gebed vir ons - en vir elkeen wat hierdie brief ontvang - is dat ons hierdie leemte nie sal vul deur eerstens die vertroosting van 'n "koffie-vriend/vriendin" op te soek nie, maar dat ons eerstens stil sal word voor God en sal toelaat dat die Heilige Gees wat die Vertrooster is, ons sal vertroos. Hy staan gereed om dit vir ons elkeen te doen. Laat verder God ook toe om hierdie leemte met Homself te vul sodat ons meer van Hom in ons lewens kan hê. In 2 Kor 1:4 leer ons: "In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig..." Wanneer ons nie God se vertroosting / Sy bemoediging in ons lewens inneem / toelaat nie, mis ons uit op 'n stuk gereedskap wat ons kon gekry het waarmee ons weer na ander in die toekoms kan gaan om hulle kragdadig mee te bemoedig. Kom ons begin mekaar te vertroos en te bemoedig met die bemoedigings wat ons al eerstehands van die Vader ontvang het en nie met ou ge-ykte bewoordinge nie.

Adri-Louise sou in Desember 50 jaar oud geword het. Baie keer wanneer iemand jonk sterf sê ons dat die persoon nog "so baie jare voor hom / haar gehad het". Tog weet ons ook dat God ons lewensjare vir ons uitgetel het; so nee: die persoon het nie nog "so baie jare voor hom / haar gehad nie". Hierdie was die lewensjare wat die Here vir Adri-Louise gegee het; aan haar toevertrou het.

(Annelie Naudé en haar man is sendelinge in Pakistan - Red)

BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF 10/2014:

Lees in die Kerkbode van 20 Junie: Wanneer gelowiges oor grense heen na mekaar toe uitreik, doen die Here merkwaardige dinge. Lees die verhaal van ’n man wat as vlugteling weg is uit die Demokratiese Republiek van die Kongo, wat by ’n interkerklike sopkombuis in die Kaap kontak gemaak het met mense van die NG Kerk en, nadat die Here hom geroep het om terug te gaan na sy land, deur ‘n NG gemeente as sendeling daarheen uitgestuur is.

Iemand het op ‘n dag gesê: “So kan dit nie aangaan nie.” Toe word daar vir die kleuters van plaaswerkers ‘n kleuterskool gebou wat hulle ‘n goeie wegspring in die lewe gee. Annalise Wiid vertel op bladsy 10 die storie van Diepkloof.

Baie Afrikaners het met en na die politieke oorgang na die nuwe bedeling, baie verliese beleef. Dr Willem Boshoff wys op bladsy 12 op ‘n pad wat van verlies en deur konstruktiewe rou, uiteindelik lei na hoop.

Lees ook:

- So klop Petra se hart.
- Stabilis se merkwaardige sukses.
- Wie is ons oudste dominee?
- Rustenburg het gebed en geld nodig.

Jongste Bybelkor-publikasie:

Wonderwêreld **-** *Jesus se woorde in Matteus oor die koninkryk van God:* Hierdie geselsgids strek oor vier weke en begin met ’n inleidende oordenking oor elke tema. Daarna volg een groepstudie en vyf persoonlike studies vir elke week. Die maand word met ’n slotoordenking afgesluit. Elke week spring weg met ’n kort preekstudie en groepriglyne wat by mekaar aansluit. In ’n gemeente sou die preek die week se studies kon inlei of selfs daarop kon volg.

Lees hier: *Hieronder is ’n agter-die-skerms-video waar ons gesels het met die skrywers van die boek Wonderwêreld. Hulle verduidelik die ontstaan van die boek en hoe die boek van toepassing is vir gesinne, kleingroepe en individue, gaan na* **https://www.youtube.com/watch?v=19ag5tFblVw**

Hierdie is ’n omvattende Bybelstudie vir Koninkrykstyd oor God se koninkryk:

- 20 individuele Bybelstudies
- Vier groepsbyeenkomste
- ’n Gratis preekstudie vir elke week (laai af by **www.bybelmedia.co.za**).
- Gratis videogrepe as gesprek-afskoppers vir die groepgesprek (laai af by **www.bybelmedia.co.za**).
- Prys: **R 59,95** (BTW en posgeld ingesluit).

Toerplan - Atlete vir Christus: Atlete vir Christus-groep bestaan uit 23 studente van die Universiteit Stellenbosch met dr Frederick Marais as leier. Hulle toer vanjaar deur die Oos-kaap, Vrystaat en die Karoo. Die atlete draf die afstand tussen die dorpe. **Hoekom?** Op die roete samel hulle geld in om *Bybelkor* se gevangenisbediening te ondersteun. Dié groep samel jaarliks ongeveer R35 000 op dié wyse in. Hiermee word honderde Bybelstudiegidse gedruk wat deur godsdienswerkers in die gevangenisse versprei word.

Die groep begin op 30 Junie die 2 037 km lange reis in Port Elizabeth op pad na Bloemfontein, via dorpe soos Somerset-Oos, Graaff-Reinet, Cradock, Aliwal-Noord, Wepener en Dewetsdorp. Vandaar strek die roete oor Boshof na Kimberley, Douglas, Hopetown, De Aar, Aberdeen, Willowmore, om op 17 Julie die toer in Knysna af te sluit.

Indien lidmate/reisigers dié groep in hulle blou *Bybelkor* T-hemde gedurende die Julie-vakansie op dié roete teëkom, **ondersteun hulle asseblief finansieel** mildelik. Hulle offer ’n hele vakansie op om evangelisasiewerk moontlik te maak.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 873 0822
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: **bestel@bmedia.co.za**
- Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: **www.bybelmedia.co.za**

Groete uit Wellington.

Hans Steyn
Departement Fondswerwing
E-pos: **hans@bmedia.co.za**
Tel: 021 864 8223

HERHALINGS:

INHOUD

1. ALGEMEEN:

- **PROJEK WINTERHOOP: Winterhoop** is reeds 14 jaar aan die gang en daar word reeds **vanaf 1 Mei tot 20 Junie 2014**, landswyd insamelings gedoen en hulle wil jou graag uitnooi om deel te word van hierdie spesiale veldtog. Help hulle om minder bevoorregtes in alle gemeenskappe by te staan. Hierdie veldtog is deur PEN in Pretoria en MES in Johannesburg geïnisieer en is in samewerking met kerke, die media en besighede, besig om verligting te bring aan die nood wat ons gemeenskappe ervaar. Die **behoeftelys** is:
  - Komberse
  - Warm klere
  - Maak ’n donasie
  - Koop ’n Winterhoopborsspeld vir R10

  Besoek gerus die webblad by **http://www.winterhoop.org/**, of stuur ‘n e-pos aan **winterhoop@pen.org.za**.

- **REGSTELLING! KONFERENSIE - INTERKULTURELE GEMEENTE-WEES:** Hierdie geleentheid vind vanaf **22 – 23 Julie 2014 in Bellville** plaas **(nie 22 – 23 Junie)**. *Die organiseerders vra verskoning vir die foutiewe inligting,*

asook moontlike ongerief. Die doel van dié konferensie is om te besin oor die aard en huidige funksionering van multikulturele gemeentes in die NG Kerk-familie, met die oog daarop om die vorming en funksionering van multikulturele gemeentes te bevorder. Belangstellendes kan **hier** klik vir meer besonderhede (sprekers, program, koste, ensovoorts).

- **ONTHOU DIÉ DATUMS!:** 'n Imagine-indaba, konferensie en wegbreek vir jeugleraars en jeugwerkers word **vanaf 26 – 28 Augustus 2014 in die Wes-Kaap** en **vanaf 2 – 4 September 2014 in Gauteng aangebied**. Meer inligting oor die spesifieke plekke (*venues*), sal mettertyd bevestig word – koste is R600pp (akkommodasie en maaltye ingesluit). Kom word verfris, verryk en versterk jou roeping tydens hierdie geleenthede – vir meer inligting, kontak **info@imaginemovement.co.za**, of hou hierdie spasie dop!

2. GEMEENTES BIED AAN:

- **FIETSWEDREN:** Die **NG Gemeente Sasolburg-Fontein** bied op **Saterdag 26 Julie 2014** 'n fietswedren aan, ten bate van hul kerkbasaar. Die inligting is soos volg:

  - Taaibos MTB Fietswedren, op die plaas Slangheuwel, Sasolburg op 26 Julie 2014 – **registrasie vanaf 07:00 – 09:00**
  - Wegspring: 09:30
  - Inskrywingsfooie soos volg:
    5km pretrit vir kinders @ R40
    15km gesins-pretrit @ R70
    30km wedren @ R100
    Skopfietsresies @ R10
    Staproete – 5km @ R20
  - Medaljes aan almal wat resies voltooi.

§ Kos en koeldrank sal te koop wees.
§ Almal welkom, vir enige verdere navrae, kontak asseblief die Kerkkantoor op 016 976 1607, of vir Attie Redpath, 082 804 1099.

3. VAKATURES:

· **KASSIER (HALFDAG POS):** Die **NG Studentegemeente, Bloemfontein** (Kovsiekampus) wag tans aansoeke in vir hierdie pos wat binnekort vakant gaan word – klik **hier** vir meer besonderhede, die **sluitingsdatum is Maandag 14 Julie 2014 met diensaanvaarding op Maandag 28 Julie 2014**.

· **MAATSKAPLIKE WERKER - ENGO GESINSORG VIRGINIA:** Klik **hier** vir al die besonderhede – **sluitingsdatum vir aansoeke is Dinsdag 15 Julie 2014**, met diensaanvaarding so spoedig moontlik.

VAKATURE – KASSIER (HALFDAG POS), NG STUDENTEGEMEENTE BLOEMFONTEIN:

PLIGTE:

- Die byhou van rekeningkundige rekords wat die hantering van alle ontvangstes en uitgawes, finansiële state, salarisse en die opstel van die jaarlikse begroting, insluit.
- Die hantering van al die uitreikbegrotings- en finansiële state.
- Kennis van erkende finansiële praktyke vir doeleindes hiervan, noodsaaklik.
- Die hantering van finansiële notules.
- Bywoning van kerkraad- en finansiële vergaderings na-ure.

VEREISTES:

- Minimum kwalifikasie: Matriek met rekeningkunde en/of wiskunde.
- Rekenaargeletterd met uitgebreide ondervinding van *Pastel* en

Microsoft Office.

- Die suksesvolle kandidaat sal ’n meelewende lidmaat van die NG Kerk wees, goeie menseverhoudings handhaaf en in vrede en samehorigheid met alle kerkpersoneel saamwerk.

Salaris en diensvoordele volgens sinodale riglyne.

AANSOEKE KAN GERIG WORD AAN:
Die Voorsitter: Kerkraad, NG Studentegemeente Bloemfontein
Per e-pos: **kovsiengkerk@telkomsa.net**
Per faks: 051 444 3429
Die aansoek moet vergesel wees van ’n volledige CV, met verwysings.

SLUITINGSDATUM: 14 Julie 2014
DIENSAANVAARDING: 28 Julie 2014

Navrae kan gerig word aan Shaun Darker, 082 563 1413, of Celia Venter, 073 170 1653.

VAKATURE – ENGO GESINSORG:

MAATSKAPLIKE WERKER (VIRGINIA):

POSVEREISTES:
- Geregistreerde Maatskaplike Werker.
- Oor ‘n bestuurslisensie beskik.
- Moet gemaklik in Afrikaans en Engels kan kommunikeer. Die taal van die werkgewer is Afrikaans.

Hierdie is ‘n voldag pos - salaris onderhandelbaar, asook ‘n 13de tjek en pensioenfonds met permanente aanstelling. Die standplaas is Virginia, gebied Vrystaat.

Diensaanvaarding: So spoedig moontlik.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 15 Julie 2014

Aansoeke met ‘n volledige CV kan gerig word aan:

Die Kantoorhoof
Posbus 61
Virginia, 9430
Vir aandag: Mev J Ferreira
E-pos: kmdwin@telkomsa.net
Faks: 057 212 4241
Navrae: 057 212 4242

Indien geen terugvoer drie weke na sluitingsdatum, kan aanvaar word dat die aansoek onsuksesvol was.

Lig in die duisternis, ***hier vir God, mekaar en die wêreld***